

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA  
(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

Asi

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1987-05-05

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

VOLUME 212

(Eladsye 11 168 - 11 229)

HOF HERVAT OP 5 MEI 1987.

GCINUMUZI PETRUS MALINDI, v.o.e. (Deur tolk)

MNR. JACOBS : U Edele, hier het vanoggend ook 'n briefie gekom dat beskuldigde nr. 13 ook vanoggend 09h30 'n radioloog ... (Hof kom tussenbei)

HOF : En nr. 20?

MNR. JACOBS : En nr. 20 het die Hof reeds verlof gegee. So, albei van hulle is reeds weg.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Malindi, in die opmars sê jy was daar plakkate gewees. Hoeveel (10) plakkate was daar omtrent? -- Tussen tien en vyftien volgens my observasie.

Hierdie plakkate, was hulle merendeels gedra deur lede van COSAS? -- Nee, ek weet nie.

Wie het jy herken wat van die plakkate gedra het? -- Joseph Sithole en Keiso.

Sithole, hy was 'n lid van COSAS gewees vroeër? -- Ja, in die jaar 1980 was hy 'n lid gewees.

En hy was 'n aktiewe man gewees in die stigting van die Vaal Youth Congress? (20)

MR BIZOS : The witness has denied at least a dozen times that there was a body known as Vaal Youth Congress.

MNR. JACOBS : Sal ek dit dan noem, hy was 'n aktiewe lid in die werksgroep wat gewerk het vir die stigting van die Vaal Youth Congress?

MR BIZOS : Or a Youth Organisation.

MNR. JACOBS : Goed, jeugorganisasie? -- Ja, dit is so. Op 'n stadium was hy, maar later van tyd het hy weer weggeval van die mense van die werksgroep.

En Keiso? -- Hy was ook betrokke in die "working group" (30)

maar/...

maar hy het nie "regularly attend" nie.

Was hy 'n lid van COSAS vroeër? -- Nee.

Van die ander mense, het hulle COSAS T-hempies aangehad?

-- Nee.

Was dit jeugdige persone wat dit gedra het? -- Ja, van die mense wat deelgeneem het in die optog was daar 'n paar van hulle wat T-hempies aangehad het.

Wat se T-hempies? -- COSAS.

En jy het blykbaar in hierdie optog op en af beweeg op 'n stadium. Soos jy beweeg het daar, het jy COSAS lede (10) opgemerk wat jy herken het daar?

MR BIZOS : That is not a correct summary of his evidence.

What is put to him is making him a marshall more or less.

He may have changed his position once or twice in the march.

MNR. JACOBS : Jy het jou posisie verander. Jy het heel agter aangesluit, jy het opbeweeg tot 'n punt redelik voor aan die optog, deur die mense, volgens ek jou getuienis verstaan het. Is dit reg? -- Ja, dit het gebeur dat op 'n sekere stadium ek voor is en op 'n sekere stadium ek agtertoe geval het. (20)

En het jy mense van COSAS daar herken wat jy geken het?

-- Nee.

Van die jeug, die mense wat belang gestel het in die stigting en vergaderings bygewoon het van die stigting van 'n jeugorganisasie? -- Ek onthou ene Keiso, al het ek alreeds vir die Hof gesê dat hy nie gereeld bygewoon het nie. Ek dink ek het nog twee van Gebied 7 gesien wat aan my net van sien bekend is. Ek weet nie wat hulle name is nie. Een wat aan my bekend was, was Themba Mazibuko en David Radebe.

Van watter groep was hulle gewees wat waar gewerk het (30)

van/...

van watter gebied? -- Themba is van Evaton en David is van Gebied 3.

In hierdie optog, het jy opgemerk was daar van die skoolgaande jeug? -- Daar was jeug teenwoordig van die ouderdomme van jeug wat nog op skool is. Die ouderdomme is tussen 20 en 22.

HOF : Nie jonger nie? -- Miskien ook van 19.

Maar nie jonger as dit nie? -- Nee, ek het nie gesien dat daar jonger was nie.

MNR. JACOBS : Dan kom ons by 'n volgende punt. (10)

HOF : Stap u af van die punt?

MNR. JACOBS : Ja.

HOF : Ons wil 'n paar vrae vra oor die punt.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Terwyl u nou van die skoolgaande jeug praat, u sê daar was 19 tot 24-jariges in die optog en nie jonger kinders nie? -- 19 na 22.

Ekskuus. Hier was getuienis van mev. Mokoena wat bekommerd was oor haar kinders en hier was ander getuienis oor kinders van jonger ouderdomme. Waar was die woongebiede se kinders? Ek praat nou van kinders tot sê 18 jaar? -- (20)  
Ek weet nie, maar jonger as 19 het ek nie by die optog teenwoordig gesien nie.

HOF : Laat ek net 'n bietjie agtergrond by jou kry. Ek het êrens gelees dat die persentasie van inwoners van 'n gebied wat jeugdige is, 16 jaar en jonger, 60% uitmaak van die inwoners van 'n Swartwoonbuurt. Wat sê u van daardie soort stelling? -- Ek het dit nog nie so goed opgelet om dit te bestudeer nie, maar dit is moontlik dat dit so kan wees.

Met ander woorde, dat die meerderheid van die inwoners van die woonbuurte daar kinders was van 16 en jonger? -- (30)

Nee/...

Nee, ek het misverstaan. Ek was onder die indruk gewees dat u vraag was die ouderdom is van 16 en ouer. As u sê 16 en jonger, nee, ek stem nie saam nie.

Kan ons dit anders om stel. Sou u sê dat die meerderheid van die inwoners van die gebied daar in die Vaal is nie skoolgaande of skoolgaande mense? -- Volgens my skatting is hulle omtrent ewe veel.

As dit so is, die skoolgaande jeug wat tussen 19 en 22 was wat u in die optog opgemerk het, hoeveel sou u skat was dit? -- Ek is nie positief seker nie, maar ek skat ongeveer (10) dat hulle 5% van hierdie optog - nie 5% nie, maar 'n vyfde van die optog gevorm het.

20%? -- Ja.

Kan u enige rede gee waarom daar geen enkele kind van 18 en jonger in daardie optog was wat u gesien het nie? -- Al rede wat ek kan verstrek is dat met my verbygaan by 'n skool bekend as Kgotlo Tharu Skool het ek opgemerk dat op die perseel van die skool daar, daar baie kinders was alhoewel die skool nie oop was nie. Dus kan ek nie met sekerheid sê wat die rede was hoekom ek nie kinders van (20) daardie ouderdomme gesien het nie. Nog 'n rede is, met my deurgaan oor die spruit tussen Small Farms en Evaton het ek opgemerk dat kinders van Residensia Senior Sekondêre Skool op pad was vanaf die skool. Ek het aangeneem dat hulle op skool aangedoen het en gevind dat daar nie skool was nie. Dus is hulle nou op pad terug huis toe. 'n Moontlike rede wat ek nog kan aanvoer is dat dit net so oop gelaat was. Niemand het gesê dat ek nou die kinders sal moet gaan aanmoedig of dit bekend gaan maak aan die kinders dat die kinders ook deel moet neem in die optog nie. (30)

HOF/...

HOF : Het dit nie vir u eienaardig voorgekom dat die jeug, ek het altyd verstaan taamlik politiek bewus is, glad nie deelneem aan die optog nie, die jonger jeug? -- Kan u die stelling herhaal?

Het dit nie vir u eienaardig voorgekom dat die jeug van 18 en jonger nie deelneem aan die optog nie waar, soos ek dit begryp, hulle altyd taamlik politiek bewus is? -- Dit hang van u af wat u siening is van politieke bewustheid van hierdie kinders, want in hierdie geval was daar 'n spesifieke "issue" gewees, wat eintlik gemik was, dit is aangaande (10) die huur wat verhoog word. Dit het betrekking gehad op die ouers. Dus die kinders se politieke bewustheid weet ek nie hoe dit daar betrokke sou geraak het nie.

Ek kom terug na die eerste deel van my vraag. Het dit vir u eienaardig voorgekom of nie dat die kinders nie deel uitmaak van die optog nie? -- Nee, dit was nie eienaardig nie.

Was u broer in die optog, Amos Malindi? -- Nee, hy was nie daar nie.

Waar was hy? -- Hy was by die werk. (20)

In stryd met die "stay-away"? -- Ja, in stryd met die beroep van die wegbly-aksie.

Kan dit gesê word dat die kinders 'n ander georganiseerde ding aan die gang gehad het op daardie oggend? -- Na aanleiding van wat ek vroeër daar gesien het, dit wil sê die kinders by Kgotlo Tharu Skool en die kinders wat ek gesien het toe ek in die nabyheid van die spruit was, sal ek sê dat die kinders nie met iets besig was wat organiseer was vir die môre nie, maar dat hulle nie die beroep gekry het nie. So die boodskap het hulle nie bereik nie. (30)

Indien/...

Indien dit beweer sou word in hierdie saak dat die kinders op daardie oggend besig was met 'n georganiseerde opstand of oproer, wat sou u antwoord daarop wees? -- Ek sal sê in antwoord by die vergadering wat ek in Augustusmaand bygewoon het was daar geen aanduiding gewees dat die kinders 'n sekere rol moet speel nie en in die loop van daardie week, na die vergadering, het ek niks verneem wat gesê was dat dit deur die kinders uitgevoer sal moet word nie. Wat die dag van die 3de ook betref het ek niks te hore gekom wat in daardie dag gebeur het as gevolg van die kinders se optrede(10) wat georganiseer was nie. Om daardie rede is ek nie bereid om toe te gee dat die kinders enigiets georganiseerd gedoen het op hierdie betrokke oggend nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Wat byvoorbeeld van die getuienis van mev. Nkiwane oor die kinders wat haar huis aan die brand gestee het? -- Ek is nie op hoogte van haar getuienis nie, die eintlike oorsprong daarvan nie en ek dra geen kennis hoe hierdie voorval plaasgevind het nie. Dus is ek nie in staat om kommentaar te lewer daaromtrent nie. Die rede daarvoor is dat ek geen kennis dra hoegenaamd van wat (20) beplan was gedoen moet word deur die kinders nie.

MNR. JACOBS : Die volgende aspek wat ek met jou wil behandel is vir hoeveel jaar was jy verbonde aan COSAS self in die Vaal? -- Sedert Maart 1980 tot en met Mei 1982.

Vir 'n deel van daardie tydperk was jy die voorsitter van die COSAS tak van Vaal? -- Ja, dit is korrek.

En die ander deel van die tyd, die laaste deel van die tyd, was jy organiseerder of sekretaris? -- Publicity secretary.

In die Vaal - die COSAS tak het - is ek reg om te sê (30)

dat/...

dat die skole of sal ek sê die senior skole wat senior leerlinge het ingesluit was? -- Ja, dit het lede gehad in die hoërskole.

En dit is van die hele Vaal? Al die gebiede in die Vaal? -- Daar is van die hoërskole waar ons nie lede gehad het nie.

Die plekke waar - kan jy vir die Hof sê hoeveel hoërskole ongeveer was daar wat onder die jurisdiksie geval het in die sin dat julle lede gehad het daar in die Vaal?

HOF : As ek reg onthou was hulle almal opgenoem by naam. (10)  
Waarom moet ons nou weer daar deurgaan?

MNR. JACOBS : Ek wil net een punt daaruit maak.

HOF : Maak u punt. Moenie dat ons dit weer afskryf nie.

MNR. JACOBS : Op elke so 'n skool het julle 'n verteenwoordiger gehad van COSAS? -- Ek het skole genoem waar ons lede gehad het en hierdie lede het ons aangemoedig om SRC's te stig by daardie skole.

HOF : Kan ek die ding net begryp. Op voorbeeld van die VCA, die VCA het 'n sentrale komitee en dan het hy "area committees", gebiedskomitees gehad. Het COSAS Vaal ook so gewerk met 'n (20) sentrale komitee van COSAS Vaal en dan komitees op die verskillende skole waar hulle lidmaatskap gehad het? -- Ons het net een komiteeliggaam gehad in die Vaal van COSAS. Wat dan verder gebeur het was die skole het dan SRC's gestig en dit was genoem 'n SRC in daardie betrokke skool en dit het nie 'n lid van die COSAS komitee gehad nie, in die sin dat hulle nie genoem was COSAS komitee nie, maar net as SRC genoem van die skool.

Ja, maar nou die lede van COSAS wat op 'n skool is, het hulle nie 'n groepie gevorm of 'n organisasie gevorm of 'n (30)

soort/...



soort verband met mekaar gehad nie? -- Nee.

Was die gedagte dat die SRC COSAS lede moet bevat? --  
Ja, as daar 'n SRC is by 'n skool wat gestig is, het COSAS  
se lede die reg gehad om by die SRC aan te sluit.

Hoe sluit 'n mens daarby aan? -- Op die volgende manier.  
Die SRC het byvoorbeeld 'n komitee. Ek sal hierdie voorbeeld  
maak. Sepothemba Students' Representative Council is die  
komitee wat daar is namens die SRC. Dan sal die studente  
wat by SRC wil aansluit by hierdie komitee gaan aansluit as  
lede van SRC. (10)

En dan sal hulle toegelaat word? -- Ja, dit is so.

Dus 'n SRC is 'n soort vereniging? -- Dit is 'n skool-  
organisasie by daardie betrokke skool.

Wat die skool bestuur? -- Nee, nie dat hulle die skool  
bestuur nie, maar as studente byvoorbeeld probleme het daar  
en klagtes wat hulle wil oordra, dan sal hulle dit doen deur  
die SRC wat dit sal oordra aan die skoolowerhede.

MNR. JACOBS : Het die SRC's nie geaffilieer by COSAS, die  
liggaam in Vaal nie, in die Vaal self. Die SRC's is dan  
geaffilieer by COSAS Vaal? -- Nee, dit was nie geaffilieer (20)  
nie, maar wat gebeur het was die volgende. Dit het afgehang  
van 'n persoon of die persoon nou besluit het om 'n lid te  
word van die SRC en ook as 'n lid aan te sluit by COSAS.

En by die skole waar COSAS Vaal beheer gehad het in jou  
tyd, is dit nie so dat die SRC's is juis gestig uit COSAS  
lede nie?

MR BIZOS : Beheer oor wat?

HOF : Daar is nog nie getuienis dat daar beheer was nie.  
Daar is getuienis dat daar takke was. Of dat daar COSAS  
lede was. (30)

MNR. JACOBS/...

MNR. JACOBS : Eintlik vra ek hom 'n vraag.

HOF : Nee, maar u vraag veronderstel dat COSAS beheer gehad het. U kan sê dat COSAS bestaan het.

MNR. JACOBS : Die lede van COSAS, COSAS self waar was hulle gewees? Was almal skoolkinders gewees of was daar lede buitekant? -- Tot en met Mei 1982 was daar lede van COSAS wat nie voltyds op skool is nie.

Waar was die meeste van die lede, die groot meerderheid? Uit die skoolbanke of buite lede? -- Die meerderheid was voltydse skoolkinders. (10)

Was daar 'n beperking, 'n ouderdombeperking gewees vir lede, om lede te word van COSAS? -- Nee, COSAS het net in die hoërskole georganiseer. Ek kan nie onthou dat daar 'n ouderdombeperking was nie.

In jou tyd het die skoolkinders almal in daardie skool wat jy genoem het behoort aan COSAS?

MR BIZOS : The evidence was precisely the contrary.

HOF : Ja, maar u kan dit weer vra. U kan hom nie elke keer in die rede val nie. As sy hoofgetuie is dat daar net vierhonderd was, is hy seker geregtig om te vra of almal (20) lid was.

MR BIZOS : No, the objection to the question is that the schools were members.

HOF : Nee, al die persone in die skool, al die leerlinge was. Herhaal die vraag.

MNR. JACOBS : Die skole wat jy opgenoem het, al die leerlinge in daardie skole was hulle lede van COSAS gewees? -- Nee.

Was dit die beleid van COSAS gewees dat hulle ook belang het in die gemeenskapsaangeleenthede, soos die hoë huur en dat hulle die gemeenskapsorganisasies wat daar was (30)

moes/...

moes steun in daardie opsig? -- Sover as wat ek kan onthou was daar geen so 'n ooreenkoms gewees by COSAS dat hulle nou deel sal neem aan die gemeenskap se probleme of se doen en late nie. Selfs die ondersteuning van die organisasie van die gemeenskap, maar dit het gebeur af en toe dat daar lede van COSAS hulle self betrokke laat raak het in sekere dinge wat te doene gehad het met die gemeenskap.

Is dit nie so dat die algemene beleid was dat verlang word dat die ouers en lede van die gemeenskap steun moet gee aan die aktiwiteite van COSAS nie en dat COSAS ter- (10) selfdertyd ook hulle steun sal gee aan die aktiwiteite van ouerverenigings en ander gemeenskapsverenigings nie? -- Daar was nog nie 'n ooreenkoms gewees nie, maar dit was al bespreek gewees dat aangesien die skooloutoriteite ons klagtes as kinders nie ernstig beskou nie, hoe sal dit wees om die gemeenskap, dit wil sê die ouers, te betrek in ons probleme wat ons oordra aan die skoolowerhede om ons te ondersteun vir ons klagtes om dan meer gewig te dra met hulle ondersteuning. Toe my lidmaatskap beëindig is by COSAS het ons nog nie daar uitgekom om die ouers te nooi en (20) dit met die ouers te bespreek nie, dat ons van hulle ondersteuning vra in daardie opsig.

En ek wil dit aan jou stel dat in die Vaal in die besonder het COSAS gedurende 1983 en 1984 deelgeneem aan die vergaderings van die VCA na sy stigting? -- By die vergaderings wat ek in die jaar 1984 bygewoon het van VCA het ek geen rol gesien wat deur COSAS gespeel was daar nie. Ek weet nie of ek dit mag noem nie. Op 'n stadium was daar 'n misverstand gewees tussen Jacob Masangani en Esau Raditsela. Dit het gegaan oor sekere publikasies. As gevolg daarvan (30)

kry/...

kry ek dan die indruk dat die persone nie goed klaargekom het in die jaar 1984 nie.

HOF : Jacob Masangani, wat was hy? -- Ek weet nie wat se amp by COSAS hy bekleed het nie. Ek kan onthou dat op 16 Junie 1984 COSAS die toestemming aan VCA geweier het om iets te sê by daardie herdenkingsdiens.

Hoe weet u dit? -- Na aanleiding van die vraag wat ek aan Amos Malindi, my broer, gerig het of daar enige spreker was van VCA by hierdie vergadering, het hy my meegedeel dat COSAS VCA toestemming geweier het om enige toesprake te (10) maak.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Is dit nou COSAS wat vir VCA toestemming geweier het of was dit VCA wat vir COSAS toestemming geweier het? -- COSAS het die toestemming geweier, dit wil sê toe VCA gevra het om 'n toespraak te lewer.

MNR. JACOBS : Na wat se publikasies het jy verwys waaroor die twis was?-- SASPO National papiere.

Wat was die twis oor SASPO National papiere? -- Volgens van wat ek van Esau verneem het het Esau die publikasies gaan kry in Johannesburg, dit is die SASPO National. Hy (20) het al die publikasies weggeneem en toe COSAS Johannesburg toe is om hulle gedeelte van die publikasies te gaan kry, was hulle toe meegedeel dat alles aan Esau gegee was. Dit was die twis gewees, hoe kan COSAS se publikasies ook aan Esau gegee word. Wat dan toe gebeur het is dat Jacob Masangani toe na Esau toe is. Met sy aankoms daar het hy alles wat 'n publikasies was van SASPO weggeneem en niks vir hulle daar oorgelaat nie.

Kry VCA en COSAS publikasies van Johannesburg af? -- Dit is wat aan my vertel was aangaande die SASPO National (30) publikasies/...

publikasies.

En dan word hierdie publikasies versprei op die vergaderings en verkoop? -- Dit word verkoop.

En op elkeen van hierdie algemene vergaderings?

HOF : Is dit 'n algemene vergadering of 'n openbare vergadering?

MNR. JACOBS : Openbare vergaderings, die massa vergaderings?

-- Nie by almal nie.

By almal dié wat VCA gehou het, is hulle daar verkoop? -- By die herdenkingsdiens van Junie 16, 1984 onthou ek dat ek gesien het dat daar verkoop word. As my geheue my nie (10) in die steek laat nie, ook in 1983.

HOF : By dieselfde herdenkingsdiens? -- Ja. 16 Junie.

MNR. JACOBS : By watter vergaderings het jy gesien is verkoop?

-- In die meeste gevalle het ek opgemerk dat dit verkoop word by die herdenkingsdienste. Byvoorbeeld 16 Junie en 21 Maart.

Is dit verkoop deur beide VCA en COSAS? -- Nee, ek was nog nie teenwoordig by 'n vergadering van VCA waar hierdie publikasies deur VCA verkoop was nie.

Wat het VCA gemaak met dit wat hulle so baie gaan vat het? -- Ek weet nie wat hulle daarmee gedoen het nie. Ek het (20) aanvaar dat hulle dit ook verkoop het.

Was dit ook The Eye en UDF News wat daar versprei was in die Vaal? -- Ek onthou dat ek kopieë van The Eye alreeds in my besit gehad het in die Vaal Triangle. Dit was net een keer en ek kan nie onthou dat dit verkoop word nie. Ek het al 'n UDF News gehad.

En Speak? -- Ek het al 'n Speak gehad maar ek kan nie met sekerheid sê of ek dit nou by vergaderings gekoop en of ek by ander plekke bekom het nie.

Jy sien, ons het bewysstukke hier by jou gekry, onder(30)

andere/...

andere BEWYSSTUK AU6. Dit is 'n SASPO Focus van Desember 1982, dan 'n Speak van Januarie 1984, BEWYSSTUK AU7. Dan is BEWYSSTUK AU8 is 'n SASPO National van November 1983. BEWYSSTUK AU9 is 'n UDF News van November 1983. Hierdie dokumente, het jy dit nie daar op die vergaderings gekry waar jy dit bygewoon het dat dit daar verkoop was nie? -- Soos ek alreeds gesê het, hierdie publikasies in die meeste gevalle was bekombaar by die herdenkingsdienste waar ek dit gekoop het. Partykeer in Johannesburg spoorwegstasie kry jy miskien wat daar staan en die goed verkoop. As ek daar(10) verbykom, dan koop ek dit daar.

Ek wil afsluit met hierdie punt oor COSAS. Sal jy met my saamstem dat na alle VCA vergaderings en ook vir die opmars is daar 'n spesiale uitnodiging aan die kinders om ook teenwoordig te wees, vergaderings by te woon of om ander aktiwiteite te steun van VCA? -- Ek herken dat hier voor die Hof dokumente voorgelê was waar mense genooi word. In die uitnodiging word daar spesifiek melding gemaak van die kinders. In die konteks waaronder die woord gebruik word van kinders weet ek van en dit gee 'n sekere beskrywing van(20) sekere kinders wat ek van weet, soos deur my aan die Hof beskryf is en volgens my kennis van die gebruik van daardie woord in die konteks. Ek stem nie saam met hierdie stelling as u sê dat hulle genooi word met die doel dat hulle sekere take moet uitvoer nie. My antwoord daarop is dat hulle word genooi om teenwoordig te wees met die bespreking van wat ook al bespreek moet word.

En sal jy met my saamstem, is dit reg so dat die resolusies, almal wat geneem was, was met insluiting van die jeug of die kinders? -- Ja, ek erken dat die jeug of kinders ook(30) teenwoordig/...

teenwoordig was met die neem van die resolusies daar.

En dat hulle spesifiek ingesluit is deurdat vir die wegbly-aksie was dit besluit dat skole moet ook daardie dag toe wees? -- Ek erken dat die onderwysers ook genoem was as persone wat deelneem aan die wegbly-aksie, maar ek dra geen kennis daarvan dat daar 'n uitnodiging was spesifiek aan die kinders waar dit aan die kinders duidelik gemaak was dat die kinders nie skool toe moet gaan nie.

Is dit nie nou vir jou 'n baie snaakse antwoord wat jy nou vir ons gee nie? Aan die een kant dan vra julle die (10) kinders moet kom na die vergaderings toe om deel te neem aan die besprekings en nou, wanneer dit by die wegbly-aksie kom en die optog, dan sê jy die kinders is nie uitgenooi nie. Daar sou ook mos nou die klagtes gaan oorgedra word? -- Nee, ons verstaan mekaar nie goed nie. Ek sê ek erken dat die kinders teenwoordig was met die resolusies wat daar geneem was en ek erken dat daar melding gemaak was in hierdie wegbly-aksie van die onderwysers en predikante. Dit was spesifiek gewees. Wat ek sê is dat alhoewel die kinders daar teenwoordig was, was dit nooit spesifiek gesê dat die (20) kinders deel moet neem in die wegbly-aksie nie. Dit is nie dat ek hulle nou uitsluit by die vergadering nie.

En wat meer is, daar is nooit - jy gebruik die woord spesifiek - enige bespreking gevoer of enige resoluë geneem dat kinders nie mag deelneem aan die wegbly-aksie nie en nie mag deelneem aan die optog nie? -- Ek sê ook presies net soos u dit gebruik het dat dit nie spesifiek gesê was dat die kinders moet deelneem aan die wegbly-aksie nie en dat daar ook nie spesifiek vir die kinders gesê was om ook by te wees by hierdie optog nie. (30)

ASSESSOR/...

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Net om dit duidelik te kry. Sou u ver wag het dat die kinders behoort eintlik op 3 September 1984 skool toe te gegaan het?-- Soos h persoon wat teenwoordig was by die vergadering en hier word die onderwysers gesê dat hulle ook deel moet neem soos die gedeelte van die gemeenskap in die wegbly-aksie, was dit dus vir my duidelik gewees dat die kinders nie skool toe sal gaan nie.

MNR. JACOBS : En sal deelneem ook aan die wegbly-aksie en sal deelneem aan die optog? -- Ek het nie spesifiek enige aandag daaraan gegee nie om oor te dink nie, maar ek self (10) as h persoon het geen probleme daarmee gehad met die kinders se teenwoordigheid daar nie.

HOF : Waar? -- By deelname van die wegbly-aksie asook die optog.

MNR. JACOBS : Is dit nie so nie, dit sou eintlik baie meer vir die sukses van die optog bygedra het as daarso ook al die senior skoolkinders teenwoordig was? -- Nee, hierdie optog was eintlik meer direk gemik aan die ouers, persone wat direk geraak word deur die verhoging van die huur. Hulle was die belangrike persone in hierdie optog aangaande die (20) verhoging van huur, protes.

En hulle was nie spesiaal kwytgeskeld soos die mense van die noodsaaklike dienste nie? -- Nee.

En het julle dit ook nie as h noodsaaklike diens beskou dat kinders moet skool toe gaan en dat die onderwysers kwytgeskeld word nie? -- Nee.

Was dit nie vir julle belangrik dat die kinders moet skool toe gaan nie? -- Vir hierdie een dag, naamlik die 3de was dit belangrik gewees dat al die gemeenskap deel moet neem aan hierdie protes. Daarom die wegbly van kinders (30)

vir/...



vir een dag uit die skool het dit nie vir my as 'n groot verlies voorgekom nie.

En belangrik dat almal moet deelneem insluitende die kinders? -- Ja, dit is so. Dit was verwag gewees dat die meerderheid van die gemeenskap deel moet neem aan hierdie protes en soos ek sê, ek het geen probleme gehad met die kinders al was dit nie spesifiek genoem nie. Dat die kinders nou weggebly het van die skool af en wat later uitgekom het, was eintlik nie vir my 'n probleem gewees nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Dit is nie vir my duidelik wat (10) u bedoel nie. U sê al was die kinders nie spesifiek genoem nie, was hulle deelname vir u geen probleem nie en alles wat daar uitgekom het. Wat bedoel u daarby? -- Ek sê dit maak geen verskil aan my al was daar nie besprekings gewees oor skoolgaande kinders by die vergaderings wat ek bygewoon het nie. My siening was dat dié wat voel hulle wil deelneem kan deelneem en hulle moenie gestop word om by te wees by die deelname nie. Byvoorbeeld, toe ek die studente by Kgotlo Tharu gesien het, het dit my nie verbaas hoekom die kinders nie by die optog gegaan het nie. Selfs toe ek opgemerk het (20) dat die jeug ongeveer 'n vyfde vorm van die optog, was dit nie vir my verbasend gewees hoekom hulle nie daar in 'n groot getal was nie. Wat my beïndruk het daar is dat die ouers is teenwoordig en hierdie probleem is eintlik hulle probleem wat hulle affekteer direk.

MNR. JACOBS : Ek wil met jou gaan na die "million signature" kampanje. Het jy aan dié kampanje deelgeneem? -- Ek het dit geteken deur my handtekening daarop te plaas.

Waar het dit gebeur? In die Vaal? -- Vanwyksrus Fun Valley.

(30)

HOF/...

HOF : Is dit 'n plesieroord? -- Ja, dit is 'n plesieroord.

MNR. JACOBS : Is dit waar UDF 'n groot samekoms gehad het, 'n fees, 'n musiekfees, noem dit so? -- Ja, dit was 'n musiekfees gewees.

Georganiseer deur UDF? -- Ja, dit is so.

En het jy dit toe gaan bywoon, hierdie fees van UDF?

-- Ja, ek het.

En die doel van hierdie fees was dit nou gewees om hierdie "million signature" kampanje van stapel te stuur daar?--

Nee. (10)

Was die kampanje daar duidelik gemaak aan julle en die doel aan julle vertel? -- Nee, dit was nie duidelik gemaak nie.

Wanneer het hierdie fees plaasgevind toe jy die vorm geteken het? -- Februarie 1984.

Is jy saam met mense van die Vaal soontoe? -- Ja, ek was in die geselskap van my vier vriende.

Was julle nie met 'n bus soontoe van die Vaal wat georganiseer was nie? -- Nee, ek het met 'n motorkar gery, nie 'n bus nie. (20)

Wie was saam met jou? -- Themba Mazibuko, Gladys Modise, Zakhe Hlengwa en Madala.

Weet jy of daar uit die Vaal georganiseerde toere soontoe gegaan het daardie selfde tyd? -- Ek het navraag gedoen by Edith om te verneem of hulle nou vervoer het vir die mense om na hierdie fees toe te gaan, waarop sy gesê het nee, hulle het nog nie groot vervoer gekry nie, maar hulle probeer nog om vervoer te kry wat meer mense sal kan neem na die fees toe.

Het die Vaal toe gegaan met georganiseerde voertuig? (30)

Die/...

Die mense van VCA in die Vaal het hulle toe gegaan na die fees toe? -- Eers na die fees het ek verneem dat hulle daar met 'n bus aangekom het.

En die uitnodigings het gekom van UDF om hierdie fees by te woon? -- Ek weet nie watter soort uitnodigings praat u van nie, want ek het in die koerante gesien die berig daar dat daar so 'n fees gehou gaan word georganiseer deur UDF.

En dat hulle in die koerant die mense nooi om dit by te woon? -- Dit was daarin geadverteer dat ons dit moet bywoon.

En dat die "million signature" kampanje ook daar gevoer(10) sou word? -- Nee.

In elk geval, het jy vorms bekom en het jy dit rondgeneem vir die mense om dit te teken? -- Ek het nie 'n vorm daar by die fees gekry of geneem nie.

Het jy op enige stadium later vorms verkry en rondgeneem dat die mense teken op hierdie vorms? -- Dit het gebeur, ja, dat ek 'n vorm gekry het met die oog daarop om handtekeninge van persone te verkry maar dit het so gebeur dat ek nie daarin geslaag het om dit uit te voer nie.

Saam met watter organisasie en waar het jy deelgeneem(20) om 'n vorm te kry? -- Op 26 Augustus 1984 het ek 'n vorm gekry van Edith.

Waar was dit? -- Dit was na die oggend se vergadering, dit is na die Evaton Ratepayers Association se vergadering.

Het sy vorms daar gehad by haar op die vergadering? -- Ek het die vorm van haar gekry. Sy het die vorms na die vergadering in haar besit gehad.

Het jy toe onderneem om handtekeninge te versamel? -- Ja, dit is so.

Het sy jou ingelig oor die doel daarvan, wat moet jy(30)

vir/...

vir die mense sê, wat is die doel om handtekeninge te vergader? -- Nee, sy het nie.

Wat sou jy dan vir die mense gesê het? Het jy dit self geweet? -- Ja, ek het al baie gelees in die koerante van hierdie kampanje.

En ook by vergaderings gehoor daarvan? -- Ja, so n bietjie by die vergadering van die oggend van 26 Augustus.

Het jy n vergadering bygewoon wat deur Vali gehou was hieroor, Vali van UDF? -- Nee.

In jou besit was gevind BEWYSSTUKKE AU1, AU2 en AU3. (10)  
Dit is dokumente van DESCOM. Dit is Detainees Support Committee. Was jy n lid van hierdie organisasie? -- Nee, ek was nie n lid gewees nie.

Is daar n tak van hierdie organisasie in die Vaal? -- Ek weet van n lid nie n tak nie.

Is daar nie n tak n Vaal DESCOM nie? -- Nee, ek dra nie kennis daarvan nie.

Wie is die lid wat jy van weet? -- Edith Lethlake.

As jy kyk na AU1 die heel laaste sinnetjie daarvan. -- Ja, ek sien dit. (20)

So, daar was n Vaal DESCOM gewees?-- Volgens wat hier geskryf is is daar n Vaal DESCOM, ja, maar ek sê ek weet van n persoon wat n lid was van DESCOM.

Jy sê dit was Edith? -- Ja, dit is so.

Wat was jou doel, wat wou jy met hierdie vorms maak, hierdie drie bewysstukke? -- Die doel hoekom ek in besit was van AU1 tot 3 was met die oog daarop om dit te versprei by die area waar ek woon.

Waar het jy dit gekry? -- Al is ek nie so seker nie, kan dit moontlik wees dat ek dit by Khotso House gekry het. (30)

Khotso/...

Khotso House is die hoofkwartiere van UDF. Is dit reg?  
-- Ja. UDF is ook maar daar gehuisves in daardie gebou.

HOF : As u sê dat u dit by Khotso House gekry het, bedoel u by UDF of bedoel u by 'n ander instansie? -- Dit kan wees dat ek dit by die kantore van die Black Sash bekom het of by die kantore van die SACC of moontlik daar by die ingang. Daar is 'n plek waar hierdie tipe goed gebêre word. Enigeen wat daar verbygaan en so voel, vat soveel as wat hy wil vat daarvan. Om daardie rede is ek dan nie seker hoe ek dit bekom het nie. (10)

MNR. JACOBS : Hoekom wou jy dit versprei? Was dit op enige versoek? Het enigiemand vir jou gevra om dit te doen? --  
K668 Ek weet nie of dit met die oog daarop was dat iemand my versoek het om dit te versprei nie, maar al wat ek in gedagte gehad het daar was om dit te versprei sodat mense dit kan kry en lees wat die inhoud daarvan was sodat hulle dan later hierdie organisasies in kennis kan stel van mense wat aangehou is wat hulle van weet.

Ondersteun u UDF? -- Ek is nie 'n lid van 'n organisasie wat geaffilieer is aan UDF nie, maar ek stem saam met die (20) UDF.

Maar my vraag is, ondersteun jy UDF? -- Ja, dit is so, ek ondersteun UDF.

En hier is 'n paar dokumente sien ek ook van UDF in jou besit gekry? AU4 is een van die pamflette omtrent die popularisering van UDF. Is dit reg? "UDF unites - apartheid divides." Dan "United Democratic Front". Wat is hierdie? Is dit 'n pamflet of 'n plakkaat? -- As 'n mens die twee stukkies bymekaar bring, lyk dit asof dit 'n poster kan wees.

Wat het jy daarmee gedoen? -- Ek het dit miskien (30)

ontvang/...

ontvang met die oog daarop om dit te versprei.

Het jy dit ontvang met die oog daarop om dit te versprei?  
Ek wil nie van miskien weet nie. -- Ja, dit is so.

En het jy dit versprei? -- Nee.

Van waar het jy dit ontvang om dit te versprei? -- Ek  
sê dit nie met sekerheid of ek dit van Edith, Esau of Dorcas  
gekry het nie.

En die doel om dit te versprei was gewees om UDF te  
populariseer in die Vaal? -- Nee, wat ek eintlik wou gepopu-  
lariseer het is die vereniging onder die vlerk van UDF. (10)

Watter vereniging? -- Dat die organisasies moet affilieer.

HOF : Maar u self het nie aan 'n organisasie behoort wat  
geaffilieer was nie? -- Ja, dit is so.

MNR. JACOBS : Is die enigste rede hoekom jy nie daardie  
tyd aan VCA behoort het nie, omdat jy 'n spesiale opdrag  
gehad het dat jy die jeug moes organiseer? -- Nee, dit is  
nie so nie.

Was dit dan nie so nie, op daardie aksiekomiteevergader-  
ing dat jy sal nie staan vir VCA nie, omdat jy die jeug  
wat uit die skool uit is ... (Mnr. Bizos kom tussenbei) (20)

MR BIZOS : This matter has been dealt with at least twice  
and a clear answer has been given.

HOF : Die vrae word toegelaat.

MNR. JACOBS : Is dit nie so nie dat op daardie stadium was  
jy lid van die aksiekomitee wat besluit het dat jy sou nie  
op die bestuur dien van VCA nie, maar jy sou die jeug wat  
uit die skool uit gegaan het moes organiseer? -- Ek het  
verskeie kere aan u gesê dat daar geen so 'n opdrag aan  
my gegee was nie.

Was dit nie so besluit dan nie? -- Toe ek gesê het (30)

nee/...

nee, was dit nee op u woord wat u gebruik het van opdrag, maar wat ek wel sê is dat ek het dit oorgedra aan die mense dat ek nie in staat sal wees om te staan vir die verkiesing nie en dus was dit goedgekeur deur die mense daar en ek is toe toestemming verleen om nie te gaan staan nie.

Kyk na BEWYSSTUK AU10. Dit is nog 'n pamflet van UDF van "Don't vote. UDF unites - apartheid divides" en dan die tweede een "A vote for community councils is a vote against the people." Dit was in jou besit gekry ook?

HOF : Is dit een dokument of twee dokumente? Ek dink (10) dit is een dokument wat in twee dele hier gereproduseer is.

MNR. JACOBS : Dit is reg.

HOF : Is dit so? -- Ja, dit lyk vir my na 'n poster as 'n mens die twee stukkies bymekaar bring.

MNR. JACOBS : Waar het jy hierdie dokument gekry? -- Ek kan ook nie onthou hoe ek dit bekom het nie, maar dit kan wees dat ek dit by een van die lede van VCA gekry het.

Met watter doel het jy dit gekry en waarvoor het jy dit geneem? -- Met die doel om dit te versprei.

Was dit miskien gebruik die dag van die verkiesing? (20) Het jy daar gestaan met so 'n plakkaat? -- Ek kan nie onthou of ek met so 'n plakkaat gestaan het nie, maar dit kan wees dat ek dit bekom het voor die dag van die verkiesing, want dit was in daardie tyd om en by nie ver voor die verkiesings nie.

Daardie verkiesing, 30 November 1983, het jy deelgeneem aan die protes dat die mense nie moes deelneem aan die verkiesing nie en het jy daar gestaan met 'n plakkaat? -- Nie op die dag van die verkiesing nie. Ek het nie met 'n plakkaat gaan staan nie. (30)

Het/...

Het jy op enige ander dag gestaan daar die dag om en by die verkiesing? -- Nee, ek onthou nie.

Jy onthou nie? -- Ja.

Dan die volgende een is BEWYSSTUK AU11. Dit is ook 'n plakkaat van UDF wat handel oor die verkiesing.

HOF : Ek dink nie dit is 'n plakkaat nie.

MNR. JACOBS : 'n Pamflet, ekskuus tog. Dit was ook in jou besit gewees? -- Ja, dit is so.

Het jy dit gekry vir verspreiding en is dit hoe dit in jou besit gekom het? -- As ek reg onthou het ek hierdie (10) een op 27 November gekry en dit was die enigste dokument wat ek gekry het.

Het jy van hulle versprei? -- Nee.

En dan die laaste dokument daar is BEWYSSTUK AU12. Dit is die Freedom Charter wat by jou gekry is. Is dit reg? -- Ja, dit is so.

Waar het jy hierdie eksemplaar van die Freedom Charter gekry? -- Ek kan nie meer onthou hoe ek dit bekom het nie.

Het jy eksemplare gekry van hulle om te versprei en het jy dit versprei? -- Nee, ek het net hierdie een gehad. (20)

Jy ondersteun die Freedom Charter, nê? -- Ja, dit is so.

Ek wil hê jy moet ook kyk na BEWYSSTUK AW5. Jy het vir ons gesê dat die besluit om hierdie jeugorganisasies op 'n landswye basis te stig, was 'n besluit van die mense wat toe "uitgesit" is ( ek gebruik die woord uitsit uit COSAS in aanhalingstekens dat ons nie mekaar verkeerd verstaan nie) maar wat nie meer lede van COSAS sou wees nie, omdat hulle nie meer skoolgaande was nie. Is dit reg? -- Ja.

Jy sê daardie besluit was geneem deur die mense wat dan uitgeskuif is, laat ek dit liewers so gebruik. Is (30)

dit/...



dit reg? -- Ja, dit is so.

Was dit nie 'n resoluksie van COSAS gewees dat ondersoek ingestel word na die stigting van jeugorganisasies landswyd van mense wat nie meer in COSAS kan dien nie? -- Nee.

Jy sien, die indruk wat ek kry is dat dit juis die teenoorgestelde is van wat jy sê, as jy kyk na BEWYSSTUK AW34. Dit is blykbaar 'n brief wat opgetrek is deur die Algemene Sekretaris van COSAS Nasionaal, om dit so te noem. Die brief was gerig aan "The Secretary Congress of South African Students." -- Ja, ek sien die NEC. (Getuie lees deur (10) brief)

Stem jy saam dit is 'n skrywe van COSAS wat blykbaar 'n rondskrywe is aan die verskillende geaffilieerde of die verskillende takke van COSAS? -- Ja, dit lyk so.

En dat dit geskryf is onder die briefhoof van COSAS en die logo van COSAS? -- Ja, dit is so.

En dat die persoon wat daardie brief blykbaar geskryf het is die algemene sekretaris van COSAS? -- Dit is hier ingetik "General Secretary" maar niemand het geteken nie.

Maar die brief - daar is 'n brief waar dit geteken (20) is, die persoon wat blykbaar moes teken is die Algemene Sekretaris? -- Ja, daar is 'n plek waar die persoon moes geteken het, maar dit is nie geteken nie.

Aanvaar jy dat daardie brief het uitgegaan van COSAS se kantore? -- Soos ek alreeds gesê het, ek sien die briefhoof van COSAS, maar ek kan nie met sekerheid sê dat dit van COSAS af gekom het nie.

Sal jy saamstem dit handel met aktiwiteite waarmee COSAS gemoeid was? -- Ja, dit is so.

En is dit nie so nie dat dit is 'n brief wat deur (30)

COSAS/...

COSAS se algemene sekretaris opgetrek is? -- Nee, daar is niks wat vir my 'n aanduiding is dat hy die persoon is wat dit opgetrek het nie, want dit is nie geteken deur hom nie.

Stem jy saam dat COSAS 'n resolusie geneem het op daardie algemene vergadering omtrent die stigting van 'n jeugorganisasie?

MR BIZOS : On the evidence so far given, can the prosecutor refer to this document?

COURT : Is he still busy so far identifying the document or is he not? (10)

MR BIZOS : I would have thought that he had finished, because he says, it was put was such a resolution (impliedly) such as is referred to in the document passed by COSAS. That is prima facie uses the document to contradict the witness.

HOF : Is u klaar met die ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

MNR. JACOBS : Ek probeer eintlik op die inhoud van hom gaan of hy saamstem. Dit is op die identifikasie van die dokument. Dit sal deel daarvan vorm, want ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Wel, as dit deel is om te poog om die dokument te (20) identifiseer, kan u voortgaan.

MNR. JACOBS : Laat ek dit so stel. Jy het nou-nou vir die Hof gesê jy stem saam die inhoud van daardie brief handel met aangeleenthede waarmee COSAS gehandel het? -- Nee, as ek hierdie brief lees, het ek nie 'n idee of sal ek sê ek het nie self kennis nie. Verder, wat die inhoud by my tuisbring is dat COSAS kan sekere dinge bespreek waarvan ek nie weet nie.

Ek sal dit daar laat. Ek sien ek kan hom eintlik nie verder kry as dit nie. Ek het netnou verwys na AW5. (30)

Dit/...

Dit is 'n dokument wat blykbaar uitgegee is deur COSAS. Kyk net daarna "Solidarity" is die opskrif. Dit lyk na 'n plakkaat.

HOF : Is dit 'n plakkaat of 'n strooibiljet?

MNR. JACOBS : 'n Strooibiljet. -- Ja, ek sien daar heel onderaan die einde staan daar geskryf "Issued by COSAS."

Ken jy daardie dokument? -- Nee, ek ken nie die dokument nie.

Wat is dit? 'n Pamflet of 'n strooibiljet? -- Ek weet nie wat noem 'n mens dit nie. (10)

Ek wil vir jou vra wat is "peoples' education"? -- Hierdie konsep van "peoples' education" het ek eers van begin hoor na my arrestasie. Ek het nog nie 'n vergadering bygewoon of 'n samespreking bygewoon waar dit bespreek was nie. Om daardie rede sal ek dit nie aan u kan verduidelik nie.

Het COSAS nie gestrewe in sy beleid om die onderwys te verander, om dit te verander na "peoples' education" toe nie? -- Nee.

Want in hierdie dokument verwys COSAS na "COSAS fully(20) support the students' struggle in South Africa. We hereby reiterate our commitment to the abolishment of Bantu Education and a march to peoples' education."

MR BIZOS : A reference to the statutes and the reading of the first sentence will persuade the prosecutor that this is a '84 or post '84 document. The Bantu Education Act was passed in 1953. It came into operation partly in 1984 and partly in 1980 - I beg your pardon, 1954 and 1955 and the first sentence records that it is 50 years since.

COURT : Since it started? (30)

MR BIZOS/...

MR BIZOS : Since it started. So, that this is a '84 or post '84 document from the contents and what we all suppose to know, the statutes.

HOF : Wat sê u daarop?

MNR. JACOBS : Ek is nie so seker oor ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Wel, u het nou 'n antwoord van die getuie wat sê "Ek weet nie wat is 'peoples' education' nie." Hy ken nie die pamflet nie. Wat help dit om hom daarvoor te vra?

MNR. JACOBS : Goed. Hier is 'n paar name wat ek jou oor wil vra. Ene Morakabe Ezekiel Seakgwa, die tweede een (10) is Mokhutle Johannes Marumo, Molefi Thomas Nhlapo, Martin Teboho Mahao, Lazarus Bontsi Lebeloane, Terence Keabetswe Phiri. Hierdie mense was almal lede van die Youth Crusade in die Vaal terwyl jy daarso die president was of die voorsitter was? -- Hierdie name deur u genoem is nie aan my bekend nie en tweedens, ek was nog nooit 'n voorsitter van die Youth Crusade nie.

Wat was jy van die liggaam wat in die Vaal bestaan het, die jeug kerkorganisasie of kultuurorganisasie? -- Ek was net 'n lid gewees. (20)

Ek wil dit aan jou stel dat hierdie mense was ook lede van daardie Youth Crusade? Is dit reg? Vaal Youth Crusade? -- Ja, dit is die Vaal Youth Crusade.

MR BIZOS : There was a double question. The previous question was they are unknown to me. I do not know what the witness is answering to.

HOF : Hy sê hy ken nie die name nie.

MR BIZOS : Yes, then there was a double question, that these people and then there was a faltering about the precise name of the organisation and then the name was given. (30)

I/...

I do not want a contradiction that he now knows them as members of that organisation.

HOF : U was 'n member van die Vaal Youth Crusade? -- Ja, dit is so.

Was hierdie mense lede van die Vaal Youth Crusade? -- Die name aan my gelees is nie aan my bekend nie.

MNR. JACOBS : Jy sien, ek wil dit aan jou stel, jy het vir die Hof gesê die veiligheidspolisie se inmenging het veroorsaak dat die Vaal Youth Crusade moes ontbind? -- Ja, dit is wat ek gesê het. (10)

En ek wil dit aan jou stel dat hierdie name wat ek nou genoem het is mense wat lede was van die Vaal Youth Crusade wat in 1978 gearresteer was omdat hulle 'n veiligheidspolisie-man se huis afgebrand het met petrolbomme?

MR BIZOS : Is this a proper question?

MNR. JACOBS : Die getuie het gesê hulle moes ontbind omdat die polisie onnodig by hulle ingemeng het. Nou is ek sekerlik geregtig om vir hom daarop te wys dat die polisie het ingemeng miskien by hulle, maar die Vaal Youth Crusade was die oorsaak daarvan gewees. Hy het die stelling gemaak (20) wat My Geleerde Vriend gelei het, dat die polisie sou sommer nou onnodig in 'n kerkorganisasie hier ingeklim het en hulle ge"harass" het dat hulle moes ontbind. Ek is dan seker geregtig om die werklike feite aan hom te stel sodat hy daarop kan antwoord.

HOF : Die vraag word toegelaat. Wat sê u op die stelling? -- Geen lid van Vaal Youth Crusade was al ooit gearresteer vir 'n misdaad soos nou gestel word deur u nie en die name wat u nou net hier gegee het as name van lede van Vaal Youth Crusade is nie aan my bekend as lede van Vaal Youth Crusade (30)

nie/...

nie. Daar is wel lede van ons wat gearresteer was wat weer vrygelaat was sonder om aangekla te word. Hulle was nie daar gearresteer of in hegtenis geneem omdat hulle as verdagtes beskou word aan iets wat hulle sou gedoen het nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

GCINUMUZI PETRUS MALINDI, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Malindi,

ek wil dit aan jou stel dat die huis van polisiebeampte Jeremiah Matsholo te nr. 467 Gebied 13, Sebokeng was (10) destyds aan die brand gesteeek met petrolbomme, toe hierdie mense gearresteer is? -- Ek sê ek dra geen kennis van die aanval nie. Die persone aan my genoem is almal nie aan my bekend nie.

Jy is self woonagtig in Gebied 13, nê? -- Ja, dit is so.

Watter nommer? -- 2176.

Stem jy saam dat 467 is sekerlik nie baie ver van jou huis af dan nie? -- Dit is baie ver apart. Ek is aan die een kant van Gebied 13. Daardie nommer is aan die ander kant van die gebied. (20)

MR BIZOS : Are we talking about 1978?

MNR. JACOBS : Ja. 1979 eintlik nie 1978 nie. Kan jy net vir my sê, die laaste aspek wat ek met jou wil behandel, behalwe dat COSAS hulle beywer het om studenterrade op skole te kry, wat was COSAS se onderwysbeleid wat julle nagestreef het in COSAS? -- COSAS wou die tipe onderwys gehad het wat deur al die inwoners, die werkers van die land in Suid-Afrika aanvaar word.

HOF : Maar het hulle dan nog nie 'n idee gehad nie? -- Nie in my tyd nie. (30)

MNR. JACOBS/...

MNR. JACOBS : Wat het hulle voorgestel wat is die onderwysstelsel wat al die burgers van Suid-Afrika sou nastreef? Het dit geraak die vakke of wat bedoel jy? -- Dit was nie breedvoerig bespreek waar ek teenwoordig was om presies te kan sê wat dit is wat hulle daarby bedoel nie, behalwe dat dit net gesê was dat dit onderwys moet wees wat aanvaarbaar is vir alle burgers van die land in Suid-Afrika. Ook dat dit 'n verpligtende onderwys moet wees.

Het jy as voorsitter van die COSAS tak in die Vaal en lateraan toe jy ook net op die bestuur was as sekretaris, (10) het julle COSAS omsendbriewe gekry, COSAS - ander publikasies van COSAS oor die onderwysbeleid? -- Nee.

Stuur COSAS dit nie uit na hulle lede toe nie, takke toe nie? -- Nee, ons het nog nooit sulke dokumente ontvang wat betrekking het op die onderwys van COSAS nie, behalwe dat ons miskien nou uitnodigings gekry het om sekere vergaderings by te woon.

Is dit waar die onderwysbeleid dan bespreek is? -- Nee, ek het nog nooit 'n vergadering bygewoon waar die tipe onderwys wat verlang word spesifiek bespreek was nie. (20)

En die onderwysbeleid? -- Dit was gesê dat ons die Bantoe-onderwys nie wil hê nie.

Maar nooit was daar gesê wat wil julle presies hê in die plek van Bantoe-onderwys nie? -- In my tyd was dit nog nooit gesê watter tipe onderwys moet Bantoe-onderwys vervang nie en dit was nog nooit spesifiek gesê in 'n vergadering waar ek teenwoordig was dat daar 'n tipe onderwys beskryf word wat verlang word nie. Al wat gesê was was dat ons soek die verpligtende onderwys. Dit moet aanvaar word deur al die burgers van die land. (30)

Hoeveel/...

Hoeveel kongresse van COSAS het jy bygewoon? -- Net die een van Mei 1982 het ek bygewoon.

Hoeveel van die ander vergaderings wat COSAS belê het spesiaal, COSAS hoofkantoor en waarna takke uitgenooi was het jy bygewoon? -- Ek onthou net van een.

Is dit nie so dat die takke se voorsitters en mense is half verplig om die kongresse by te woon nie? -- Dit was 'n verwagting gewees dat die voorsitter en die sekretaris teenwoordig moet wees by vergaderings. Hulle was nie verplig om altyd teenwoordig te wees nie. (10)

En nadat die kongresse gehou was of nadat sulke vergaderings waar die mense uitgenooi was, was die notules en stukke wat daar gelewer is dan versprei aan al die takke? -- Die enigste verslag wat ek gesien het is die een van 1982. Dit het ek ook gesien nadat ek my lidmaatskap beëindig het by COSAS.

Sê jy dat daardie verslae word nie versprei na die takke toe nie? -- Dit is verwag dat dit versend word, maar daar is van die verslae wat ons verwag het om te kry en dit nie gekry het nie. (20)

Dan net die laaste vraag wat ek jou wil vra, die COSAS is ook ondersteuners van die Freedom Charter of voorstanders van die Freedom Charter en 'n Regering volgens die Freedom Charter? -- Nee, ek het nie sulke kennis nie.

RE-EXAMINATION BY MR BIZOS : Mr Malindi, I want to go back to November 1983 when you took part in this placard carrying demonstration - 27 November 1983. Did you think that you were doing anything wrong when you were doing that at that time? -- No, not at all. I did not see anything wrong in my doing that. (30)

We/...



We know that you were arrested and the charge was withdrawn attending an unlawful gathering. Can you recall what the gist of the charge was? What were you supposed to have done according to the State, made you guilty of attending an unlawful gathering? -- Holding a meeting with them.

Were you in fact holding a meeting there? -- I was holding no meeting there.

I want to stay there in October/November 1983 at the time of the launch of VCA on 9 October and the attempt to persuade the residents of the Vaal not to vote for the (10) councils. Did you think that it was an offence to call on people not to vote? -- No, I never thought it was an offence. Indeed, what I had in mind was that I have the right when I do not agree with something, to express my views.

Including by abstaining and including telling others to abstain from voting? -- Yes, that as well.

